Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

'n Beperkte getal volledige stelle van „Die O.B.", 2de Jaargang, is weer verkrygbaar; In harde omslag gebind
17/6 per stel posvry kontant met bestelling
Bestel by VOORSLAG (Edms.) Bpk. Posbus 1411, Kaapstad

# Die O.B.

O.B.-SKRYFBLOKKE
met 2 pakkies bypassende koeverte.
DIE BESTE GEHALTE VOOROORLOGSE PAPIER.
3/6 posvry.
KONTANT MET BESTELLING.
Bestel deur:
Gebiedshoofkwartier
Kamer 603, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 31 MEI 1944. No. 28.

# Redakteur van Kruithoring Kry Slae van Seun

## *Reis van Pretoria om Artikel oor Sy Vader te Wreek*

### *Moes Nag in Tronksel Deurbring*

**Die redakteur van Die Kruithoring, amptelike strydblad van die H.N.P., het verlede week 'n opstopper in sy kantoor gekry van 'n agtienjarige seun wat spesiaal van Pretoria na Kaapstad vir dié doel gereis het, sonder dat hy iemand van sy planne verwittig het. Die redakteur is mnr. Etienne Malan, en volgens getuienis in die Jeughof het hy die vorige week sekere artikels omtrent die seun se vader gepubliseer wat die seun laat besluit het om na Kaapstad te kom. Hy het by iemand £5 geleen om sy reisgeld te betaal**

**Nadat hy mnr. Malan geslaan het, is hy aan die polisie uitgelewer wat hom vir die nag in die sel opgesluit gehou het.**

In sy getuienis voor die Jeughof het Malan verklaar dat hy omstreeks 2.25 op Maandag, 22 Mei, in sy kantoor in Keeromstraat 18, gesit het toe die seun, wat hy nie geken het nie, binnegekom en verneem het of „mnr. Malan hier is."

Getuie het gegroet en geantwoord: „Hier is ek." **Die seun het toe na vore gestorm en hom teen sy gesig geslaan. Hy het die seun afgeweer en sy klerk het hom te hulp gesnel. Toe hulle meen dat die seun afgekoel het, het die klerk na die telefoon gegaan en die polisie gebel. Die seun het hom toe weer geslaan, en hy het hom vashou totdat die polisie opgedaag het.**

Onder kruisverhoor deur mnr. J. D. de Villiers Truter, wat namens die seun verskyn het, het Malan gesê dat hy redakteur van Die Kruithoring is, amptelike strydblad van die H.N.P. **Hy het artikels omtrent die seun se vader gepubliseer. Die artikels was nie goedgesind nie.**

Hy het gesê dat die seun hom omtrent vyf houe toegedien het.

Die konstabel het verklaar dat die seun aanvanklik geweier het om sy naam en adres te gee, maar later het hy wel sy naam gegee. Die seun wou 'n verklaring by die polisiekantoor aflê, maar die sersant het dit geweier.

**AGTING VIR VADER**

**In sy getuienis het die seun verklaar dat hy 'n baie groot agting vir sy vader koester.** Somtyds lees hy Die Kruithoring in sy vader se kantoor, en word dan baie kwaad oor die dinge wat daarin verskyn. Hy het 'n sekere artikel omtrent sy vader uit Die Kruithoring aan die hof voorgelees en gesê dat dit hom baie kwaad gemaak het. Hy het gemeen dat dit sy plig was om van Pretoria na Kaapstad te kom, en hy het £5 geleen vir reisgeld.

Hy het na Malan se kantoor gestap en hom geslaan. **„Ek wou hom op sy neus geslaan het, maar hy het ongelukkig 'n bril op gehad,"** het hy gesê. Onderwyl hy vir die polisie gewag het, het Malan hom gestaan en aangaap, wat hom vererg het, en hy het hom weer bygedam, en hom aangesê om die kamer te verlaat.

Die seun, wat skuld erken het op aanklag van aanranding en weiering om sy naam te verstrek, is deur die magistraat met £2 (of sewe dae) op die eerste en 10s. (of vier dae) op die tweede aanklag beboet. Die vonnis is opgeskort vir ses maande op voorwaarde van goeie gedrag.

**Die seun se vader was onbewus van wat gebeur het totdat hy van uit Kaapstad per telegram van die gebeurtenis verwittig is.**

## MAG NIE BEGRAFNIS VAN SY MOEDER BYWOON

### Hardvogtige Optrede Teenoor Geïnterneerde

Na ons meegedeel word het die owerheid onlangs geweier om 'n geïnterneerde, mnr. Danie Taljaard, toe te laat om die begrafnis van sy moeder by te woon wat op 20 April oorlede is. Mev. Taljaard was besig om voorbereidings te tref vir 'n besoek aan haar enigste en lieflingseun in die kamp toe se plotseling oorlede is. Sy vader het by die betrokke owerheid aansoek gedoen om hom vir die begrafnis uit te laat op parool, maar dit is geweier. Mnr. Taljaard is reeds sedert 1942 in die kamp, natuurlik ook sonder verhoor.

*Laat Berig*

## OORSAAK VAN SLAE

**In plaas van die redakteur van Die Kruithoring te bestraf vir die beledigende artikel teen die goeie naam en eer van dr. Hans van Rensburg, doen die Nasionale Party-koerant, Die Transvaler, 'n venynige aanval op dr. Van Rensburg omdat, volgens genoemde blad, dit sy eie seun was wat mnr. Etienne Malan, redakteur van drr. Malan en Bremer se Kruithoring, daaroor geklap het.**

**Die Transvaler skryf die motief van die seun toe aan „die feit dat Die Kruithoring sommige van die baie aanvalle van die O.B.-blad op die H.N.P. aangehaal en weerlê het."**

**Dit is onwaar. Die Kruithoring het uit sy pad gegaan om 'n lelike artikel oor dr. Van Rensburg uit die SUIDERSTEM oor te neem. In genoemde Suiderstem-artikel word na dr. Van Rensburg verwys as 'n man wat op Sondae „O.B.-Cocktail parties" hou, en hom dan so te buite drink aan „brandies" dat hy mense sal oortuig dat hy „heeltemal 'n sukses sal kan wees op 'n Kelvin Grove-dansparty."**

**Dit is die strekking van die artikel wat Die Kruithoring uit die Sap-blad oorgeneem het — glo volgens die Transvaler, om die H.N.P. teen die O.B. se „aanvalle" te verdedig!**

**Hierdie walglike stuk joernalistiek het dr. Van Rensburg se seuntjie so in die krop gesteek dat hy na Kaapstad afgereis het om die aanval op die eer van sy vader te wreek.**

## *Uittarting Lei Tot Klappe*

### *Kan U Antwoord, Dr. Bremer, L.V.?*

**Na aanleiding van die voorval verlede week in die kantoor van Die Kruithoring skryf genl. J. A. Smith as volg:**

Seer seker keur elke beskaafde mens geweldpleging, sonder provokasie, af. Sedert die oorlog aangegaan is en die onderlinge twis, haat en vervolging ingetree het, weet ek van geen geval van gewelddadigheid wat sonder provokasie geskied het nie, onder hierdie gevalle veral nie die sogenaamde gevalle van sabotasie en van mense wat pak gekry het nie. Die daders is tot gewelddadigheid getart.

Elke redelike mens gun die pers vryheid, maar binne perke. **Daarom is Danie Theron, 'n prokureur te Krugersdorp, tot held verhef omdat hy 'n jingoblad se redakteur, ene Moneypenny, in Johannesburg, oor sy opsweping teen die Transvaalse Regering (1889) 'n opstopper gaan gee het.**

Ene Carlisle, skrywer van 'n vuil en beledigende artikel teen die goeie naam en eer van die Afrikanervroue en -dogters, is deur Nico Jooste in 1904 in Johannesburg geteer-en-veer. **Die beledigde vroue het hom 'n goue horlosie en adres gegee.**

**LAMONT**

Ene Prof. Lamont van Pretoria wat die Voortrekkers in „War, Wine and Women" beledig het, is ook geteer-en-veer en die seuns wat dit gedoen het, verheerlik.

**Dit is 'n bewys hoe die nugtere en fatsoenlike deel van die volk vuil joernalistiek laak.**

Ander mense het soortgelyke en volgens wet groter misdade gepleeg — Bezuidenhout, Jopie Fourie, e.a. **Die tronke sit vandag vol politieke „misdadigers", volgens wet skuldig en strafbaar — maar almal daar deur uittarting, provokasie. Vandag is hulle volkshelde.**

Nou berig Die Burger van 23 Mei as volg: „Mnr. Etienne Malan, redakteur van Die Kruithoring, is gister in die kantore van die Nasionale Party in Kaapstad deur 'n jong man aangerand. . . . **Die polisie is in kennis gestel en hy is in hegtenis geneem."**

**Dis 'n seuntjie wat dit gedoen het. Kragtens die Wet op Kindermisdaad, mag die kind se identiteit nie verraai word nie.** Die sogenaamde aanranding is, soos af te lei uit bogenoemde berig in Die Burger, egter een van politieke betekenis. Mnr. Etienne Malan is „martelaar" en die seuntjie „misdadiger", volgens party-politieke begrip.

Niemand mag, oor watter oorsaak ook, houe uitdeel nie. Tog klits seuns mekaar heeldag sonder daarvoor gearresteer te word. **Nou dat 'n kind 'n grootmens, 'n party-politikus, geslaan het onder provokasie, lewer die H.N.-Party-kantoor hom aan die polisie uit.**


**DR. BREMER**

Dr. Karl Bremer, egter, moet van hierdie gebeurtenis rekenskap gee. Hy as voorsitter is verantwoordelik vir die beleid van beswaddering van ander deur Die Kruithoring, waarvan hy nou tot voorsitter verhef is nadat hy op die vooraand van die algemene verkiesing die kiesers van Stellenbosch vertel het dat hy as protes teen Die Kruithoring se uitskellery „bedank het". **Stellenbosch se kiesers het hom daarom ondersteun. En nou?**

Pynliker openbaring van die toestand waarin ons arme volk deur die haat en

(Vervolg op bls. 3)

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.



drosdy die rypste tabak bekend.

drosdy-TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

Die Laaste Paar Items
In Eeufeesaandenkings

*Bestel Nou ! ! !*

LEUTELKETTINGS
1/6
Posgeld 2d,

FAKKELLOOPPENNINGS
2/6, Egte Silwer 30/-
Posgeld 4d.

EEUFEESMEDALJES
1/-
Posgeld 2d.

Ons is volledige
MANS-, DAMES-, SEUNS-
UITRUSTERS en SNYERS.

Uniewinkels

Kerkstraat 275, PRETORIA.
Takke:
KAAPSTAD, JOHANNESBURG, BENONI, VEREENIGING.

*Ondersteun Ons Adverteerders!*

## MONUMENT VIR HELDE

Op 10 Junie, om 11-uur, word op Gruisfontein, dist. Lichtenburg, 'n monument onthul op die graf van sewe gesneuwelde burgers uit die Tweede Vryheidsoorlog. Hulle is: H. B. Kloppers, J. J. v. d. Schyff, G. J. Kruger, G. van Staden, P. D. Bonthuizen en A. J. Cronjé van Krugersdorpdistrik, en A. van Vuuren, Rooipoort, Potchefstroom, gesneuwel op 5 Feb. 1902 op Gruisfontein, dist. Lichtenburg.

Die plaas lê 15 myl oos van Lichtenburg en naby Welgevondenskool.

Die sekretaris, mnr. M. Scholtz, doen 'n beroep op alle Afrikaners om te kom en eer te bring aan ons helde.

## AS DUITSERS SELFDE DOEN AS CAPE CORPS

### Dan Eers Word dit Moord

Daar heers groot konsternasie in Britse kringe asook in die Suid-Afrikaanse oorlogspers oor die doodskiet van 47 Britse lugmagoffisiere in Duitsland toe hulle 'n poging aangewend het om te ontvlug. Daar word gepraat van 'n ,,massa-moord'' deur die Duitsers op hierdie manne. Ons wil geen oordeel uitspreek oor iets waaromtrent daar geen ander inligting as deur Reuter verstrek is nie. **Maar ons wil hierdie koerante se aandag daarop vestig dat daar onlangs 'n geïnterneerde wie se moeder 'n Afrikaner is, deur 'n lid van die Cape Corps doodgeskiet is omdat hy dan glo sou wou ontsnap het.** Hierdie blaaie het toe geen verontwaardignig geopenbaar nie, maar die geval as 'n doodgewone prosedure van die hand gewys. **Aangesien hul gewetens nou wakker geskud is, hoop ons hulle sal met dieselfde ywer protesteer teen die koelbloedige doodskiet van 'n Suid-Afrikaanse geïnterneerde. Wat in Duitsland moord is, is tog seker hier niks anders nie?**

# *Brief Aan My Demokratiese Vriend*

Geagte Volksgenoot,

Omdat u u volk lief het, wil u graag u volk gelukkig en vry sien. U het lank en hard gewerk vir daardie ideaal. **Voel u tevrede met wat u bereik het?** As u vandag moet sterf, voel u oortuig dat u u kinders gelukkig en welvarend sal agterlaat? Hierdie vrae kwel u gedagtes. Kom ons kyk net wat wag vir hulle — en miskien ook vir u as u nog lank genoeg lewe. In 1933 het 'n gesaghebbende ondersoek aan die lig gebring dat 300,000 Afrikaners in hul vaderland broodsgebrek ly. Vandag, tien jaar later, verklaar 'n gesaghebbende amptenaar van die Departement van Volkswelsyn dat twee-vyfdes van die blanke bevolking — dus 800,000 Afrikaners — hongerlydend is. Binne tien jaar het die aantal blanke armes dus byna VERDRIEDUBBEL. Waar gaan ons volk oor nog tien jaar staan as daar geen verandering kom nie? En onthou hierdie armes is feitlik almal lede van u volkie wat nog nouliks 1½ miljoen siele tel!

In 1939 was daar TWAALF mense in die Unie wat 'n inkomste van meer as £20,000 gehad het. In 1941 was daar NEGE-EN-NEGENTIG mense met 'n inkomste van meer as £20,000 per jaar. Die armes word dus steeds meer en die enkele rykes se getalle groei dienooreenkomstig aan. **Daar is dus 'n vinnige verskuiwing van rykdom van die groot massa na die enkele rykes. Teenoor hierdie onbeperkte inkomstes is daar Afrikanerdogters in die stede wat swaar fabriekswerk doen vir 19s. per week — dus nie eens £50 per jaar nie!** In vyf jaar het die kleurlingstem in ons land aangewas van 26,000 in 1938 tot 46,000 in 1943 — dus 20,000 in vyf jaar!

In 1941 was daar 88 gemengde huwelike in ons land en in 1942 het dit toegeneem tot 110. In 1911 het wyle oom Piet Grobler in die Volksraad voorgestel dat gemengde huwelike deur middel van wetgewing belet moet word. Dit het 'n storm veroorsaak en in 1944 gaan die euwel nog onverhinderd voort.

So kan ons aanhou met voorbeelde te noem van hoe ons volk besig is om na die afgrond gesleur te word. Maar genoeg, u weet dit self. Dit is duidelik dat daar iets baie groots verkeerd is in ons volkslewe en net so duidelik is dit **dat iets baie groots sal moet gebeur om hierdie toestand te verander.**

**TWEE WEË**

Daar is twee weë vir ons volk oop om op te tree. Die een is dat hy voortgaan op die weg wat hy nou veertig jaar lank bewandel, maar waarin ons agteruit gegaan het soos hierbo aangedui. Die ander weg is dat ons IETS NUUTS sal probeer om ons volk van hierdie ondergang te red.

Lê die fout miskien by die kruisie? Nee, die fout lê nie by die kruisie of stembus as sodanig nie. Hitler het gebruik gemaak van die kruisie om aan bewind te kom en hy het geslaag. Mussolini weer het sy doel bereik met 'n dreigement, Portugal is gered deur 'n staatsgreep en Spanje moes sy toevlug neem tot bloedvergieting en wapengeweld. Enige wapen is dus goed om te gebruik mits die omstandighede daardie manier van optrede vereis.

Wat is die regte manier om met behulp van die kruisie aan bewind te kom? Kom ons kyk eers wat die verkeerde metode is en dan sal ons beter verstaan wat die regte een is.

Toe die demokrasie in Engeland ingevoer is, het die Engelse 'n stelsel van regering uitgedink wat hulle as die beste beskou het. Hulle het so geredeneer: 'n regering kan alleen goeie werk doen as daar iemand is wat hom gedurig kritiseer. Daar moet as 't ware 'n waghond aangestel word wat oor die belange van die volk sal waak en die regering sal aanblaf as hy afdwaal van die regte pad. Hulle het die waghond gaan noem ,,die Opposisie''. Dit is 'n goeie idee, en daar is seker geen mens wat nie kritiek en raad in die lewe nodig het nie. Niemand is so volmaak dat hy foutloos deur die lewe kan gaan nie. As my broer en ek **saam** boer op 'n plaas en ek sou hom af en toe wys op foute wat hy maak en hy weer vir my, sal ons vorentoe boer. Ons gaan nou nie juis rusie maak oor ons planne nie. Ons redeneer verstandig en as my voorstel beter is as syne, neem hy dit met 'n glimlag aan en bedank my vir die mooi plan. **Dit is samewerking gepaard met broederlike en welmenende kritiek.**

Ons kan egter besluit om anders te boer — soos die Engelse. Ons kom ooreen dat hy vir vyf jaar lank die plaas **alleen** bestuur en dan vra ons Pa en Ma en die susters om te beslis wie die volgende vyf jaar die plaas kan bestuur, hy of ek. Volgens hierdie metode van boer sal hy dan lewenslank in besit van die plaas kan wees indien hy so flink boer dat Pa en Ma en die susters elke vyf jaar sal stem vir sy verdere bestuur. Maar ek het darem die reg om kritiek uit te oefen op sy boerdery en ek kan by die familie neul om my weer 'n kans van vyf jaar te gee. **U kan al klaar sien wat gaan gebeur. DAAR IS VIR MY 'N BELONING as ek my broer hard genoeg kritiseer, as ek naamlik daarin slaag om myself beter te adverteer as hy.**

Hoe hierdie soort boerdery nie alleen gaan lei tot die verbreking van ons huislike eenheid nie, maar ook tot bankrotskap in die boerdery, hoop ek om 'n volgende keer aan te stip.

## KOMMUNISTE ?

**Die Sekretaris van Naturellesake, mnr. D. L. Smit, het voor 'n parlementêre komitee verklaar dat daar sekere onheilspellende kragte aan die werk is in naturellegebiede. Hy het te kenne gege dat dit politieke agitators is, maar was nie bereid om name te noem of te sê dat dit kommuniste is nie.**

## GEHEIME UITBETALING AAN NUUSDRAERS

Volgens die verslag van die Ouditeur-generaal beskik die Departemente van Verdediging, Polisie en Naturellesake oor staatsgeld **wat in die geheim uitbetaal word vir inligting.** Daar is geen bewysstukke nie en selfs die Ouditeur-generaal weet nie hoe die geld bestee word nie. Hy ontvang slegs elke jaar van die betrokke ministers 'n verklaring dat die geld uitgegee is vir geheime doeleindes.

Soos lesers sal onthou, het daar 'n tyd gelede 'n berig in 'n naturelleblad verskyn wat aankondig dat die regering 'n paar pond betaal aan enige naturel wat inligting verstrek aangaande die bewegings van blanke vlugtelinge. **Hierdie uitbetalings staan klaarblyklik ook in verband met geheime skinderstories wat van eerbare Afrikaners vertel word met die wraaksugtige doel om hulle geïnterneer te kry.** Aangesien daar geen openbare verhoor van sulke aangeklaagdes plaasvind waar die nuusdraer sy aanklag moet verdedig nie, en die geld in die geheim uitbetaal word, moet dit vir elkeen duidelik wees tot watter wanbedrywe en onskuldige opsluitings hierdie duistere handelwyse aanleiding kan gee. Dit het dan ook reeds gebeur dat manne maande lank opgesluit was op grond van valse getuienis, wat later aan die lig gekom het. Dit is van regeringsweë erken, en nogtans word met hierdie onsalige praktyk voortgegaan.

## WIE SE KOMMUNISME ?

Onder die opskrif ,,Hulle hou ons aan die Gang'' publiseer The Guardian die name van persone wat bydra tot die instandhouding van hierdie kommunistiese orgaan. Ons vra weer: in wie se belang is die kommunisme wanneer die volgende mense bydra tot hul fondse? Is hulle werkers? Allan Goldberg, M. Zinnmann, M. Rabinowitz, S. C. Katz, E. J. Phillips, Harry Rubin, J. Wolpe, H. Zichok, C. S. Hack, E. Sachs, J. M. Sherman, R. Goldman, B. Mirbach, I. Alexander, Olman, Busch and Gluck, J. Rubinowitz, D. Cohen, M. Finkelescu, R. W. Gould, L. E. Hertslet, A. Malkinson, L. Friedman, J. Freedman, B. Ichikowitz.

Onder die bedrae wat geskenk is, is daar van £25, £10, £5-5, £4-4, £3-3 en talle van £2-2 en £1-1.

DIT KOM MET 'N TONEELDONDER!



Foto J. J. Wessels.

*ANTON ACKERMANN*
As JOE GARSON en sy geselskap van uitgesoekte spelers in
DONKER ONHEIL
deur
HANS ROMPEL.
Dwarrelwind van Handeling!
Asem-hygende momente!!

BINNEKORT:—
VERGELDING . . .
,,wat sal ek die Here vergeld vir al sy weldade. . . .''

*Reisprogram :*

JUNIE

| | | |
|---|---|---|
| Parys .. .. .. .. | Dinsdag | 6 |
| Bothaville .. .. .. | Woensdag | 7 |
| Kroonstad .. .. .. | Donderdag | 8 |
| Brandfort .. .. .. .. | Vrydag | 9 |
| Bloemfontein .. .. .. | Saterdag | 10 |
| Theunissen .. .. .. | Dinsdag | 13 |
| Ventersburg .. .. .. | Woensdag | 14 |
| Reitz .. .. .. .. | Donderdag | 15 |
| Harrismith .. .. .. .. | Vrydag | 16 |
| Bethlehem .. .. .. .. | Saterdag | 17 |
| Ficksburg .. .. .. | Maandag | 19 |
| Clocolan .. .. .. .. | Dinsdag | 20 |
| Excelsior .. .. .. | Woensdag | 21 |
| Winburg .. .. .. .. | Donderdag | 22 |
| Senekal .. .. .. .. .. | Vrydag | 23 |
| Ladybrand .. .. .. | Saterdag | 24 |
| Warden .. .. .. .. .. | Dinsdag | 27 |
| Vrede .. .. .. .. | Woensdag | 28 |
| Heilbron .. .. .. .. | Donderdag | 29 |
| Vereeniging .. .. .. | Vrydag | 30 |

JULIE

| | | |
|---|---|---|
| Roodepoort .. .. .. | Saterdag | 1 |
| Newlands .. .. .. | Maandag | 31 |

AUGUSTUS

| | | |
|---|---|---|
| Turffontein .. .. .. | Dinsdag | 1 |
| Boksburg .. .. .. | Woensdag | 2 |
| Benoni .. .. .. .. | Donderdag | 3 |
| Brakpan .. .. .. .. .. | Vrydag | 4 |
| Germiston .. .. .. | Saterdag | 5 |
| Brixton .. .. .. .. | Maandag | 7 |
| Krugersdorp-Wes .. .. | Dinsdag | 8 |
| Randfontein .. .. .. | Woensdag | 9 |
| Springs .. .. .. .. | Donderdag | 10 |
| PRETORIA .. .. .. | Vrydag | 11 |
| ,, | Saterdag | 12 |
| JOHANNESBUHG .. | Maandag | 14 |
| | tot Saterdag | 19 |
| Brits .. .. .. .. .. | Maandag | 21 |
| ,, | Dinsdag | 22 |
| Rustenburg .. .. .. | Donderdag | 24 |
| ,, | Vrydag | 25 |
| Krugersdorp .. .. .. | Saterdag | 26 |
| Klerksdorp .. .. .. | Maandag | 28 |
| ,, | Dinsdag | 29 |
| Lichtenburg .. .. .. | Woensdag | 30 |
| Wolmaransstad .. .. | Donderdag | 31 |

SEPTEMBER

| | | |
|---|---|---|
| Potchefstroom .. .. .. | Vrydag | 1 |
| Heidelberg .. .. .. | Saterdag | 2 |
| Witbank .. .. .. .. | Maandag | 4 |
| Middelburg .. .. .. .. | Dinsdag | 5 |
| Bethal .. .. .. .. | Woensdag | 6 |
| Volksrust .. .. .. | Donderdag | 7 |
| Ermelo .. .. .. .. | Vrydag | 8 |
| Standerton .. .. .. | Saterdag | 9 |

DIE O.B., WOENSDAG, 31 MEI 1944.

# VERRAAD

Voor ons op die lessenaar lê 'n gedig wat in een of ander tronk in ons vaderland tot stand gekom het. Dit is 'n ontboeseming oor ,,die verraaier'' en blykbaar die skepping van 'n durfvolle jong Afrikaner wat deur sy mede-Afrikaner aan die vyande van sy volk uitgelewer is. Dit is vol van daardie bitterheid en afsku vir die volksverraaier wat die uitspraak van alle volke oor hierdie daad kenmerk, want as daar één ding is waaroor alle volke volmondig eens is, dan is dit in hul veroordeling van die verraaier. Geen monument, geen boek of lofgedig in enige land of taal wat dié man se nagedagtenis besing wat in die uur van nood sy volk of sy kamerade aan die vyand uitgelewer het nie. Nie eens die dankbare vyand sal hom eer nie. Hoe moes Judas Iskariot sy bloedbevlekte silwerstukke voor die voete neerkletter van hulle wat hom vir sy verraad beloon het, maar geen gewillige hand wou uitsteek om sy gewetenswroeging te versag nie! Net die bolsjewisme wat 'n standbeeld vir Judas opgerig het — die bolsjewisme wat alle goddelike en menslike waardes wil vernietig.

Hoe moes ons eie volk in sy lewenstryd nie dikwels ly onder die verraad van die ontroues nie? Hoe het menige heldedaad en heldedood nie tot niet versink in die gapende kake van verraad nie?

## DIE DOOD

**'n Volk kan platgeslaan word deur sy vyand, maar hy word vermoor deur verraad. Daarom ken die volkereg ook net een straf vir die volksmoordenaar: die eerlose dood. En nog nooit is die uitoefening van hierdie straf in enige land of deur enige volk betwis nie.**

Daar word dikwels gekla dat ons volk te min getrouheid besit omdat hy so baie verraaiers opgelewer het. Ons wil dit betwis en wel op twee gronde. Eerstens het ons volk nog nooit as 'n geheel deelgeneem aan die vryheidstryd nie. **Hy was nog altyd konstitusioneel verdeel, eers deur landsgrense en later deur die partypolitiek. Daar was dus altyd 'n deel van die volk wat passief was en waardeur ontrouheid in die hand gewerk is. Die verraaier het altyd die gevoel gehad dat hy moreel ondersteun word deur die passiewe deel van die volk wat in die geval van partypolitiek sy misdaad as 'n blote verskil van mening regverdig, of in die geval van verdeelde burgerskap hom 'n keuse veroorloof.** In die tweede plek moet in gedagte gehou word dat verraad in ons volkstryd nog steeds beloon is terwyl getrouheid 'n strafbare misdaad was. Is die getrouheid van 'n Gideon Scheepers en 'n Jopie Fourie dan nie met die vuurpeleton gestraf ,terwyl die verraad van die National Scout met 'n ongeskonde plaas beloon is nie?

## WAG EERS

**Laat ons volk wag met die tel van sy verraaiers tot die dag waarop hy in staat sal wees om as 'n EENHEID te veg en verraad met die DOOD te straf, soos ander volke doen. Voor daardie dag nie aanbreek nie, sal enige berekening 'n onjuiste verhouding openbaar.**

Intussen is dit die plig van elke Afrikaner, ongeag sy politieke oortuiging, om hierdie skandelike smet **met alle krag en elke middel** uit ons volk te weer. Daarom dat die Ossewabrandwag as gedissiplineerde Afrikanerdom so 'n groot waardering openbaar vir elke daad van getrouheid, dat hy aan Elsabe Nel by loslating uit die tronk so 'n hulde gebring het soos nog geen ander lewende held in ons land te beurt geval het nie. Daarom dat hy 'n Julian Visser met eer belaai omdat hierdie held nie deur die galgdood gedwing kon word om sy mede-Afrikaner uit te lewer nie.

Ons wil en gaan ons volk tot hoër hoogtes voer en daarom roep ons uit met Jan Celliers:

,,Wees trou!
Daar's 'n volk te leer
om homself te eer,
te bou,
om God, om God alleèn te vrees,
aan aard en taal getrou te wees —
gesond en waar van hart en gees,
Kom aan!''

Om hierdie manlike deug na waarheid uit te lewe, veral wanneer 'n volk verskeurd moet opruk in sy stryd teen magtige vyande en helaas, swakke broers, **wanneer selfs leiers oproep tot eedverbreking, dan eis dit reuse-krag:**

,,Wees fier
op 'n voorgeslag waard,
in wil en daad
gespier!
Hul lewenslig het ons gewys
om trou te wees aan waarheidseis—
wie laak mag laak, wie prys mag
prys,
Kom aan!''

Vir verraad kan ons geen plek in ons midde vind nie. Laat vyand en swakkeling maar laak en breek,

,,Vir my d'Afrikaner van durf en daad,
wat Mammons eer en loon versmaad,
sy hoof en sy hand
vir sy volk en sy land
EN 'N TRAP MET SY VOET VIR
LAAG VERRAAD!''

# Brittanje en Rusland

**(DEUR PROF. J. A. WIID.)**

In ons laaste artikel is daar kommentaar gelewer op die merkwaardige raadgewing aan Rusland van veldm. Smuts in sy jongste Birminghamse redevoering: ,,Laat die stem van Tolstoi tot Rusland en tot ons spreek liewer as die stem van Karl Marx, wat buitendien nooit 'n Rus was en ook nooit van Rusland was nie.''

Sedert Smuts se toespraak was Brits-Russiese verhoudings weereens die onderwerp van belangrike redevoerings in Londen. In 'n twee-daagse debat in die Britse Laerhuis oor die buitelandse beleid het sowel premier Churchill as die minister van buitelandse sake, Eden, veel aandag aan hierdie onderwerp gewy.

## CHURCHILL EN EDEN OOR RUSLAND

Volgens die Britse Premier sou die oorlog, na mate dit vorder, minder ideologies van aard geword het. ,,Diepgaande veranderings het in Rusland plaasgevind. Die Trotskiistiese vorm van kommunisme is totaal uitgewis.'' Die uitkyk van die Bolsjewistiese staat sou ,,'n merkwaardige verruiming'' ondergaan het. Ook die ,,godsdienssy van die Russiese lewe'' sou 'n ,,wonderlike wedergeboorte'' beleef het.

Minister Eden was nie minder uitgesproke nie. Ook hy wil ,,graag die nouste en volste samewerking met Rusland hê.'' Hy erken egter dat daar sekere moeilikhede bestaan — moeilikhede wat in die eerste plek — die erfenis van agterdog is.'' Hy praat selfs van 'n ,,berg van agterdog''. ,,Daar is ook'', volgens Eden, ,,verskille in die regeringsvorm, in die houding teenoor die individu, teenoor die pers en so meer. Dit is betreklike groot verskille en dit sal beter pas om dit sonder meer onder die oë te sien. Daar is egter iets anders wat oorweeg moet word, naamlik dat in die drie groot wêreld-uitbarstings — die Napoleontiese oorloë, die vorige wêreldoorlog en hierdie oorlog — ons saam vir dieselfde doel geveg het deur te verhinder dat een man of een moondheid die hele Europa dominer.'' Aldus die Britse minister van buitelandse sake.

## LOFLIEDERE VIR ONGELOWIGE THOMASSE BEDOEL?

Wat sit agter hierdie Britse lofliedere oor Bolsjewistiese voortreflikheid en Brits-Russiese samewerking? Is dit dan nie vanselfsprekend dat 'n bondgenoot hierdie voortreflike eienskappe besit nie en dat samewerking met hierdie bondgenoot ook na die oorlog geen aanbeveling nodig het nie? Die antwoord op hierdie vrae is dat daar in Amerika en Brittanje nog altyd baie ongelowige Thomasse is wat in Bolsjewistiese voortreflikheid nie glo nie en dat hierdie lofliedere in die eerste plek vir hierdie Thomasse bedoel is. Denkende mense soos veldm. Smuts moet oortuig word dat die Russiese Kolos baie onskadelik is en dat sy stem nie meer dié van die Duitse Jood Karl Marx nie, maar dié van die Russiese idealis Tolstoi is.

Die ongelowige Thomasse het egter goeie geheuenisse. Hulle onthou nog die baie onaangename dinge wat in Amerika en Brittanje teen die Bolsjewiste gesê en geskryf is, natuurlik voor Rusland ons bondgenoot geword het. Baie van hierdie ongelowige Thomasse onthou waarskynlik nog hoe Churchill self vroeër teen die Bolsjewiste uitgevaar het. Vandaar dat die Rusland van 1944 voorgestel word as die bekeerling, as die verlore seun wat tot die geledere van die Angel-Saksiese gemeenskap van fatsoenlikheid teruggekeer het, as die boetvaardige wat voortaan ,,voor het goede'' sal wees.

## WAT VERSWYG WORD

In hierdie lofliedere word sommige dingetjies nog al uit die oog verloor. As Eden die Britte herinner aan Brits-Russiese samewerking ,,in die drie groot wêreld-uitbarstings — die Napoleontiese oorloë, die vorige wêreldoorlog en hierdie oorlog —'' dan het hy versuim om hulle ook aan iets anders te herinner, nl. Brits-Russiese vyandskap en oorlog na 1918 toe die bonddie 19de eeu en Brits-Russiese vyandskap en oorlog na 1918 toe die bondgenote die Bolsjewisme van 'n vroeëre bondgenoot met wapengeweld wou uitdelg. As Churchill vandag beweer dat ,,die godsdienssy van die Russiese lewe 'n wonderlike wedergeboorte ondergaan het'', dan moet hy òf baie sleg ingelig wees òf teen sy beterwete praat. In die werk van Maurice Hindus: ,,Mother Russia'', in 1944 uitgegee, lees ons o.a. die volgende: ,,From their very first days in power . . . . the Bolsheviks perceived in the Russian Church one of their most formidable enemies . . . Now, after a quarter of a century of Sovietism, the political relations between the Soviets and the Church are more than cordial. But this cordiality does not, in this writer's judgment indicate a revival of religion in Russia or an end to the conflict between religion and Bolshevism . . .

In matters of principle and doctrine, authority holds a supreme position in Russia. It is authority which makes and unmakes law and not the reverse. Ultimate, final, irrevocable authority is vested at present in four men: Marx, Engels, Lenin, and Stalin. Their utterances are the court of last resort in all doctrinal or ideological disputes.'' (blss. 268—269.) Aldus 'n bewonderaar van die Bolsjewistiese Rusland.


Die redevoerings van die Britse staatsmanne ten opsigte van Rusland getuig voorts: Eerstens, 'n politieke en ideologiese bollemakiesie wat enige jare gelede moeilik denkbaar was. Tweedens, 'n Britse afhanklikheid wat hom Russiese beledigings en verkleinerings insake Pole, Suid-Slawië ens. laat welgeval. En derdens, 'n defaitistiese gespartel teen die gevaar dat daar in Europa, waarvan Brittanje deel uitmaak, maar slegs een groot moondheid na hierdie oorlog sal wees, nl. Rusland of Duitsland. Teen hierdie grootmag sal daar vir Brittanje geen groot moondhede as bondgenote op Europa wees nie. Sy idee van magsewewig mag iets van die verlede wees.

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

ons
vervaardig
meubels



vir
u huis
om te pas
by u smaak
en omstandighede

**SKRYF OM ONS AANDELEBROSJURE
EN WORD 'N AANDEELHOUER VAN**

**EXCELSIOR MEUBELS BPK.**

HOOFKANTOOR:
De Villiersstr. 15, JOHANNESBURG. Posbus 6670—Foon 33-2171/2

EIENAARS VAN:
J. S. UNTERHALTER BPK., h/v. St. Andries- en Pretoriusstrate, PRETORIA
GOODWOOD MEUBELS BPK., Paul Krugerstr. 340, PRETORIA
L. D. PHILLIPS BPK., Pleinstraat 47—49, KAAPSTAD

TAKKE:
JOHANNESBURG, GERMISTON, KROONSTAD, BLOEMFONTEIN.

***SEKURITEIT VIR U BELEGGING***

# STALIN IS REEDS DIKTATOR VAN SUID-AFRIKA

## Verregaande Toegewings Deur Die Geallieerdes Aan Moskou

**Die getuienis stapel al meer en meer op dat die westerse wêreld stadig maar seker deur die Geallieerde regerings aan bolsjewistiese Rusland uitgelewer word. Dit word meer en meer duidelik dat Rusland nie net oorheersend uit die oorlog sal tree indien Duitsland verslaan word nie, maar dat hy nog voor die einde van die oorlog volkome seggenskap in die hele Europa, en moontlik ook Suid-Afrika, gaan kry. Reeds nou al wys alle tekens daarop dat Moskou in elke Geallieerde land dikteer en dat die onderskeie regerings eenvoudig na sy pype moet dans. Bolsjewistiese Moskou beheers reeds die wêreld. Dit is die aaklige maar werklike feit wat onder die oë gesien moet word!**

In daardie lande wat deur die Geallieerdes „bevry" moet word, woed daar tans 'n verbete stryd tussen die nasionale groepe en die kommunistiese skrikbewinde wat van uit Moskou gevoed en gelei word. Die Griekse vlugteling-premier, George Papandreou, het verlede week by geleentheid van 'n Griekse politieke konferensie insake Griekeland se eenheid verklaar **dat die kommunistiese organisasie, die sogenaamde EAM, besig is met voorbereidings om Griekeland ná die oorlog te oorheers. „Griekeland se toekoms word noodlottig ondermyn, nie deur die invaller nie, maar deur burgeroorlog,"** het hy gesê. Die feit dat die Britse nuusdiens kort ná hierdie uitlating gewag gemaak het van die pragtige „eenheid" wat in Beiroet bereik is, en dat 'n „nasionale" regering onder Papandreou gevorm word, dra niks by tot die redding van Griekeland nie. **Die mooiste „konferensiebesluit" is onmagtig om 'n volk van kommunistiese geweld te red.** Die kommuniste IN Griekeland wat „voorbereidings tref om Griekeland ná die oorlog te oorheers", sal maar net glimlag oor die besluit tot vorming van 'n nasionale regering BUITE Griekeland. **Griekeland is reeds aan Moskou uitgelewer.**

**JOEGO-SLAWIË**

Verlede week is ook in die pers aangekondig dat daar „'n hopelose warboel" in Joego-Slawië heers. In hierdie land word die opstandelinge teen die Duitsers deur twee aanvoerders gelei. Die een is genl. Mikhailovitch, wat tot verlede week nog as die wettige Minister van Oorlog deur Engeland en Amerika erken was, maar sedertdien deur koning Petar op bevel van Engeland van sy amp onthef is. Naas hom, of liewer teenoor hom, het aan die hoof van die kommunistiese bendes gestaan genl. Tito wat onlangs deur die Geallieerdes erken is as 'n „maarskalk". **Hierdie Tito of Broz — soos sy regte van is — is deur Stalin uit Moskou gestuur om die leiding van die weerstandbeweging in Joego-Slawië op hom te neem. So geslaagd was hierdie sending dat die Geallieerdes op bevel van Moskou nou reeds daartoe** oorgegaan het om Mikhailovitch — **die enigste lid van die „Joego-Slawiese regering" BINNE Joego-Slawië — uit die regring te verwyder.** Dus ook in Joego-Slawië het Rusland sy sin gekry, en ná die oorlog sal dit nie Petar „die Grote" wees wat gaan regeer nie, maar Tito van Stalin.

**ANDER LANDE**

In Italië het Rusland ook seggenskap geëis en gekry. Nie alleen is 'n deel van die Italiaanse vloot aan Rusland uitgelewer nie, **maar hy is ook toegelaat om in die Badoglio-regering verteenwoordig te word.** Kommunistiese verteenwoordigers is opgeneem in die Italiaanse kabinet en een van hulle is **regstreeks van uit Moskou vir die doel daarheen gestuur.** Dit is ook bekend hoe Stalin die Badoglio-regering amptelik erken het voordat Engeland en Amerika dit wou doen. Daardeur het Badoglio 'n speelbal geword in die hande van Stalin.

In Frans-Noord-Afrika is dit niks anders gesteld nie. Stalin het medeseggenskap geëis in die regering van De Gaulle — wat hoop om uiteindelik diktator van die hele Frankryk te word. Hierdie eis is toegestaan en twee kommuniste is opgeneem in die kabinet. **Hoe sterk hul invloed is, blyk uit die reeks teregstellings en lewenslange tronkstrawwe wat opgelê word aan Franse wat aan die Pétain-regering onderdanigheid bewys het.** Hierdie bloedvergieting is 'n tipiese eienskap van die bolsjewisme wat in Rusland miljoene staatsburgers uitgeroei het en selfs so onlangs as 1937 die Rooi leër op bloedige wyse gesuiwer het van al sy belangrikste generaals.

Die Geallieerdes mag hoop om ná die oorlog 'n fermer houding teenoor die eise van Rusland in te neem, maar dit is verregaande selfbedrog. Genl. Smuts het reeds toegegee dat Rusland die sterkste moondheid op die Europese vasteland sal wees ná die vernietiging van Duitsland, **en as Stalin nie daarvan teruggedeins het om in 1936 aktiewe hulp te verleen aan die Spaanse kommuniste teen Franco nie, wat gaan hom verhinder om sy afgesante ná die oorlog met wapengeweld in die onderskeie lande te handhaaf?**

**ONS LAND**

Suid-Afrika gee 'n duidelike beeld van hoe die Geallieerdes reeds binne die maggreep van Moskou sit. Ons regering kan nie vandag waag om teen 'n kommunis op te tree nie. **Elke keer as die polisie hulle hande op die een of ander kommunis wil lê, kom die bevel van bo om hom te los.** En dat dit gebeur, is nie omdat die regering so danig mak is vir die kommunisme of daar geen gevaar in sien nie. Glad nie. **In regeringskringe heers daar die diepste besorgdheid oor die kommunistiese kragtoename in ons land. Maar hulle kan niks doen om die oorsaak van hul vrees uit die weg te ruim nie, want die Geallieerde regerings is afhanklik, en diep afhanklik, van Rusland se militêre hulp.** Aangevuur deur Joodse haat vir nasionaal-sosialistiese Duitsland is die enigste oogmerk van die Geallieerde regerings om Duitsland te vernietig, **en om dit reg te kry, is hulle bereid om die hele Europa en desnoods ook Suid-Afrika en ander gebiede as prys aan te bied vir Stalin. En omdat hierdie Duitse haters nou reeds sien waar dinge heenloop, is hulle besig om vir hulself 'n sitplek binne die kommunistiese geledere te koop, soos blyk uit die groot bedrae wat die kommunistiese fondse ontvang van persone wat andersins deurgaan vir kapitaliste.**

Ons volk sal sy kragte moet verenig — en baie gou ook — binne die Ossewabrandwag, wat die enigste nasionale beweging buite die magtelose parlement is wat die hoof aan 'n kommunistiese skrikbewind sal kan bied. **Die kommunisme is in Spanje nie in die parlement verslaan nie, maar daarbuite. Suid-Afrika staan voor dieselfde gevaar, want by ons steun die kommuniste op die naturellebevolking wat geen stemreg in die parlement het nie. Hul optrede sal dus buite die parlement in die oë gekyk moet word.**

## WAARVOOR ONS VEG

**„Daar is alle tekens dat 'n sterk demokratiese stroom besig is om elke struikelblok van die reaksionêres opsy te veeg,"** lees ons in die jongste uitgawe van die kommunistiese blad The Guardian ten opsigte van die Europese politiek. As die leser onthou dat die kommunis onder „demokrasie" eintlik verstaan 'n toestand waarin die geheime polisie met agterkopskote regeer, dan sal hy verstaan wat bedoel word met hierdie sinnetjie, en as hy verder lees: **„In Algiers (Noord-Afrika) is dieselfde demokratiese proses aan die gang"**, d.w.s. daar waar die een goeie Fransman na die ander doodgeskiet word, sal hy besef waarvoor ons troepe vandag besig is om te veg. **Waar hulle in Noord-Afrika die Duitsers en Italianers gehelp uitdryf het, heers vandag die bloedige kommunistiese „demokrasie".**

## *VERJAARDAGKETTING*

**1 Junie:** Petronella H. Henning, Augrabies; Judith Olivier, Beaufort-Wes; Benett Gouws, Port Elizabeth; Martha S. Theron, Fraserburg; Maria Sophia van Emmenis, Potgietersrust; Gezina Ellis, Rustenburg; Willie du Toit, Rustenburg.

**2 Junie:** Joyce van der Merwe, Carnarvon; Maria E. Bothma, Beaufort-Wes; Catherina J. Marais, Port Elizabeth; Petrus Wagenaar, Kirkwood; Johanna v. d. Merwe, Worcester; Elizabeth J. Muller, Fraserburg.

**3 Junie:** Susara Pace, George; David Muller, Sutherland; Francois Gericke, Mosselbaai; Willem Morland, Franschhoek; Maria E. Vorster, Loxton; Susanna Roux, Franschhoek, Christine Spengler, Bellville; Willem C. v. Wyk, Middelburg, Tvl.; Charlotte Malan, Koster.

**4 Junie:** Lena Scholtz, Pearston; Jesajas A. de Kock, Komgha; Gertruida Dumas, Plumstead; Johannes Fourie, Upington; Gert J. Visser, Nababeep; J. Enslin, Bellville.

**5 Junie:** Annie Beneke, Port Elizabeth; Engela M. M. Steenkamp, Aughrabies; Arnoldeen Dempers, Parow; Junius du Toit, Maribogo; Susanna E. Strydom, Cradock; Doreen Snyders, Parow; Lettie Nienaber, Grootfontein, S.W.A.; Aletta E. van Rooyen, Pietersburg.

**6 Junie:** Marlene C. Gerbers, Beaufort-Wes; Daniel Marais, Port Elizabeth; Thomas Dawson, Port Elizabeth; Cecilia F. de Villiers, Duiwelkop; Cornelius v. d. Merwe, Wellington; Jan S. Fourie, Kirkwood; Maria Christina Ströh, Rustenburg.

**7 Junie:** Elizabeth C. Grobler, Pietersburg; Petronella S. Cilliers, Aughrabies; Anna M. de Villiers, Beaufort-Wes; Aletta v. Niekerk, Bellville.

**ROMMELVERWERKING:**

● Koffiesakkies en sakdoekies kan van soutsakkies gemaak word.

*BASAAR!!*

ten behoewe van

**DIE S.A. NOODHULPLIGA**

in die

**VAN HEERDENSAAL**

*Vrydagaand, 2 Junie*

om 7.30 n.m.

Heerlike verversings en allerhande nuttige artikels sal te koop aangebied word.

ONS NASIE HET ONS DIENSTE NODIG.

Ons het u ondersteuning nodig om ons volk te dien.




**DIE NUUTSTE IN DAMES-**

**FELT-HOEDE**

en

**WINTERJASSE**

by

*Steyns*

**PAROW**

**DIE MODERNE DAMESMODISTE.**

**ROAF-ROLPRENTVERTONING**

**REISPLAN GEBIED C.**

**„DIE ONTWAKTE AFRIKANERDOM."**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vryburg | 1 Junie. | Jacobsdal | 13 Junie. |
| Hertzogville | 8 ,, | Koffiefontein | 14 ,, |
| Boshoff | 9 ,, | Fauresmith | 15 ,, |
| Kimberley | 10 ,, | Luckhoff | 16 ,, |
| Petrusburg | 12 ,, | | |

Die orige gedeelde van Gebied C sal met die terugreis uit Kaapland besoek word. Die Reisplan hiervan sal later aangekondig word.

**REISPLAN GEBIED A.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Strydenburg | 20 Junie. | Citrusdal | 12 Julie. |
| Prieska | 21 ,, | Piketberg | 13 ,, |
| Marydale | 22 ,, | Moorreesburg | 14 ,, |
| Putsonderwater | 23 ,, | Tulbagh | 15 ,, |
| Kanoneiland | 24 ,, | Ceres | 17 ,, |
| Upington | 26 ,, | Worcester | 18 ,, |
| Keimoes | 28 ,, | Wellington | 19 ,, |
| Kakamas | 29 ,, | Malmesbury | 20 ,, |
| Kenhardt | 30 ,, | Paarl | 21 ,, |
| Carnarvon | 3 Julie. | Stellenbosch | 22 ,, |
| Fraserburg | 4 ,, | Bellville | 25 ,, |
| Williston | 5 ,, | Kaapstad | 26 ,, |
| Calvinia | 6 ,, | Maitland | 27 ,, |
| Nieuwoudtville | 7 ,, | Somerset-Wes | 28 ,, |
| Van Rhynsdorp | 8 ,, | Caledon | 29 ,, |
| Vredendal | 10 ,, | Hermanus | 31 ,, |
| Clanwilliam | 11 ,, | | |

Die glansryke opvolger van die „Gedissiplineerde Afrikanerdom." Op die vlaktes en oor die heuwels van ons Vaderland klink sy voetval.....In onstuitbare beweging na sy eindoorwinning.

Oral het 'n volk wakker geword!
Die rolprent wat elke Afrikaner moet sien.

*NOU BESKIKBAAR............*

**'N VOLK OP TREK**

*of*

'N KORT GESKIEDENIS VAN DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE OSSEWABRANDWAG

*deur*

*PROF. DR. A. J. H. VAN DER WALT.*

In die 137 bladsye van hierdie boek vind u die feite omtrent die pynlike broederstryd wat teen die O.B. ontketen is en hoe ons Volksbeweging dit oorleef het.

Prys 3/3

*Bestel dadelik van:—*

**PUBLICITÈ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,**

**Posbus 4892, JOHANNESBURG.**

